Wiskunde Graad 5

Kwartaal 3:

Heelgetalle, Breuke, Massa, Faktore, Temperatuur, 2-D vorms, Transformasies, Vermenigvuldiging

Augustus 2017 **Totaal: 50**

Vraag 1

1.1 Watter getal word gevorm?

1.1.1 20 + 30 000 + 4 + 80 = _____

1.1.2 700 + 9 000 + 40 + 11 000 + 5 + 200 = _____ (2)

1.2 Rangskik die getalle in dalende orde:

1.2.1 687 543; 678 543; 688 435; 678 345; 687 453

_____ (2)

1.3 Skryf die volgende getalle in uitgebreide notasie:

1.3.1 609 734 = _____ (1)

1.4 Skat die antwoorde deur elke getal eers tot die naaste 1 000 af te rond:

1.4.1 84 299 + 9 512

Afgeronde getalle _____

Geskatte antwoord _____

1.4.2 70 543 – 10 487

Afgeronde getalle _____

Geskatte antwoord _____ (4)

1.5 Noem al die faktore van die voelgende getalle:

1.5.1 20 _____

1.5.2 48 _____ (4)

Vraag 2

2.1 Bereken:

2.1.1 7,6 kg = _____ kg _____ g

2.1.2 965 g = _____ kg

2.1.3 $\frac{5}{7} + \frac{4}{7}$ = _____ = _____

2.1.4 3 - $\frac{7}{8}$ = _____

2.1.5 3 kg 78 g = _____ kg

2.1.6 $\frac{3}{4}$ van 2 kg = _____ kg _____ g

2.1.7 6 kg 5 g = _____ kg

2.1.8 9 kg - $\frac{4}{5}$ van 1 kg = _____ g (8)

2.2 Vul in: <; > of =

2.2.1 8,2 kg _____ 8 kg 2 g

2.2.2 $\frac{1}{2}$ _____ $\frac{7}{12}$

2.2.3 1 kg vere _____ 1000 g klippe (3)

Vraag 3

3.1 Kyk na die volgende vorms en beantwoord dan die vrae:



3.1.1 Gee die **naam** van die vorm wat net uit regtehoeke bestaan? _____

3.1.2 Watter vorm se hoeke is almal groter as 90°? _____

3.1.3 Hoeveel simmetrielyne het vorm E? _____

3.1.4 Noem die aantal en tipe hoeke wat vorm B het

_____

3.1.5 Watter vorm het net hoeke wat kleiner as 90° is? _____ (5)

3.2 'n Patroon word gevorm deur vorm A telkens te transformeer. Kyk na die onderstaande patrone en sê telkens watter tipe transformasie plaasgevind het:

3.2.1



_____

3.2.2



_____ (2)

Vraag 4

4.1 Bereken die volgende (wys alle stappe):

4.1.1 $7\frac{5}{8} + 3\frac{7}{8}$

(2)

4.1.2 $5\frac{2}{5} - 1\frac{4}{5}$

(2)

4.1.3 289 x 76

(2)

Vraag 5

5.1 Los die volgende woordprobleme op:

5.1.1 Die temperatuur van ’n houer water is 24 °C. Met hoeveel grade celsius moet die temperatuur verhoog word vir die water om te kook?

(2)

5.1.2 Werknemer A verdien R3 897 per maand meer as werknemer B. Indien werknemer A R26 254 per maand verdien, hoeveel verdien werknemer B?

(2)

5.1.3 Tannie Ria gebruik 750 g meel wanneer sy ’n koek bak. Indien sy 3 kg meel koop, hoeveel koeke sal sy daarmee kan bak?

(3)

5.1.4 In ’n skool is daar 5 dogters vir elke 3 seuns. As daar 420 seuns in die skool is, hoeveel kinders is daar altesaam in die skool?

(3)

5.1.5 Twaalf broodrolletjies kos R24,30. Indien Ben se ma 72 broodrolletjies benodig vir ’n funksie, hoeveel sal dit kos?

(3)

TOTAAL: 50